

2 November

'n Ware honger en dors na die lewende God

Skrifgedeelte: Levitikus 16
Fokusgedeelte: Levitikus 16:29, 30

Het jy al ooit so 'n diep besef gekry van jou eie sonde en terselfdertyd so 'n verbasende besef van God se algehele en totale vergifnis dat jy kan huil van dankbaarheid? Of verslae stil word van verbasing? Het jy al ooit so verstom geraak oor God se liefde in Christus dat dit vir jou belangriker word as enigiets anders, belangriker selfs as kos?

Dit is wat gebeur wanneer mens vas, soos in hierdie verse beskryf word.

Die heilige God het een maal per jaar aan sy volk die geleentheid gegee om voor Hóm nuut te begin: rein en hulle sonde weggeneem. God se vergifnis het egter 'n baie duur prys. Bloed moes vloei.

Let daarop dat hierdie versoeningsoffers, wat vooruitgewys het na Christus se volkome offer vir ons sonde, eers beskryf word. Dan word die volk opgeroep om te vas. Dit beteken dat hulle só op God gefokus is, só 'n intense tyd van selfondersoek en bewustheid het van sy genade en sy vergifnis vir sondaars dat enigiets anders van minder belang word.

In die Ou Testament was die gebruik om te vas 'n uitdrukking van 'n nederige hart en diep verootmoediging voor die Here. Sonder ware en egte verootmoediging was dit waardeloos om te vas. In die Nuwe Testament was vasdae vir Christene gebruiklik om in krisistye hulle absolute, nederige afhanklikheid van die Here en ware bekering tot Hom te bely. Dit mag nooit vir vertoon gedoen word of as 'n manier om God te probeer “manipuleer” nie. Daarom is dit dikwels in die privaat gedoen sonder om daarvan 'n ophef te maak.

Om vandag te vas, is geen bevel vir 'n Nuwe-Testamentiese Christen nie. Tog kan dit steeds sinvol gebruik word om toewyding en geloofsverdieping in ons lewens te bring. Bo alles staan ons voor die vraag: Kan ek enigiets prysgee ter wille van Christus?

Sing: Psalm 40:4 (Totius)

Dr. Flip Buys